THE SCIENCE OF HEALTHIER ANIMALS.

OTC
PRODUCT GUIDE

MSD
Animal Health

THE SCIENCE OF HEALTHIER ANIMALS

MSD Animal Health, is one of the world's leading animal health companies. The company is dedicated to the research and development, production and marketing of innovative, high quality animal health products.

The company's product range includes vaccines, anti-parasitics, anti-infectives, endocrine products for regulation and improvement of breeding performance and productivity enhancers for ruminants, companion animals, pigs and poultry.

MSD Animal Health has always been a research driven company and is proud to have the only South African company-owned research unit in South Africa. This fully accredited Research Unit, based in Malalane, is responsible for both local and international research and product development.

The Malalane Research Unit is situated in the beautiful Kaalrug Valley of the Mpumalanga Lowveld, 26 km from the southern border of the famous Kruger National Park. The main activities taking place at the research unit are the development and testing of new ecto- and endoparasitic drugs. The pastures are naturally infested with ticks and the resident cattle herd is the ideal model for testing the activity and safety of these drugs. Ticks are also tested for resistance to the various ectoparasiticides and farmers are advised on which compounds to use.

A tick management system has been developed to provide advice to farmers. Our research unit provides a rapid and free dip wash analysis service to South African farmers. Users of **MSD Animal Health's** compounds are advised whether their dips are at the correct strength and, if not, what adjustments should be made. The unit is also at the forefront when it comes to the testing of worms for resistance against endoparasiticides. Faecal egg count reduction tests are done to advise farmers which endoparasitic drugs to use. Information days are held to inform farmers and other interested groups on the latest developments in disease control.

Our sales team is strongly supported by our Marketing Department and highly qualified veterinarians. They provide expertise in their respective fields, such as beef, dairy, small livestock, companion animals, pigs and poultry.

MSD Animal Health's goal is to be entirely service focused and provide South African farmers with optimal solutions to all their animal health needs.

ZA/ORUM/0417/0005

MSD Animal Health, is 'n internasionale leier in dieregesondheid. Die maatskappy fokus op navorsing, ontwikkeling en die bemarking van innoverende en hoë kwaliteit dieregesondheidsprodukte.

Die produkreeks bestaan uit entstowwe, antiparasitiese, antimikrobiese en hormonale middels vir estrus-sinkronisering en die bevordering van teelprestasie sowel as groeibevorderaars vir herkouers, geselskapsdiere, varke en pluimvee.

MSD Animal Health was nog altyd 'n navorsingsgedrewe maatskappy en is die trotse eienaar van die enigste Suid-Afrikaanse maatskappy met 'n eie navorsingseenheid. Die navorsingseenheid te Malalane is ten volle geakkrediteer en is verantwoordelik vir beide plaaslike asook internasionale navorsing en produkontwikkeling.

Die Malalane Navorsingseenheid is in die skilderagtige Kaalrugvallei van die Mpumalanga Laeveld geleë – 26 km vanaf die suidelike grens van die Nasionale Kruger Wildtuin. Die primêre aktiwiteite by die navorsingseenheid is die ontwikkeling en evaluering van nuwe inwendige- en uitwendige parasietmiddels. Die weidings is natuurlik met bosluise besmet en die plaaslike beeskudde is die ideale model om die effektiwiteit en veiligheid van die middels te toets. Bosluise word ook vir weerstand teen die verskillende uitwendige parasietmiddels getoets en boere word geadviseer oor watter middels om te gebruik.

'n Bosluisbestuurstelsel is ontwikkel om boere van raad te bedien. Ons navorsingseenheid waar dipmonsters ontleed word, verskaf 'n vinnige en gratis diens aan Suid-Afrikaanse boere. Verbruikers van **MSD Animal Health** se middels word oor die sterkte van die dippe wat gebruik word geadviseer en indien nodig, watter aanpassings gemaak moet word. Hierdie eenheid is in die voorste linie wanneer dit by die toetsing van wurms vir weerstand teen inwendige parasietmiddels kom. Miseiertellings word gedoen om boere te adviseer oor watter inwendige parasietmiddels gebruik kan word. Inligtingsdae word gereeld gehou om boere en ander belangegroepe oor die nuutste ontwikkelinge in siektebeheer in te lig.

Ons verkoopspan word deur die Bemarkingsafdeling en hoogs gekwalifiseerde veeartse bygestaan. Hierdie individue voorsien kundigheid in hul onderskeie velde vir herkouers, melkerye, kleinvee, geselskapsdiere, varke en pluimvee.

MSD Animal Health se doelwit is om diensgedrewe te wees en om Suid-Afrikaanse boere van optimale oplossings vir al hul dieregesondheidsbehoeftes te voorsien.

MSD
Animal Health

CONTENTS/
INHOUDSOPGAWE

01

VACCINES / ENTSTOWWE 07

CONTENTS/
INHOUDSOPGAWE

CONTENTS/
INHOUDSOPGAWE

03 ENDOPARASITICIDES / ENDOPARASITIESE MIDDELS (CONTINUED / VERVOLG)

04 ANTIMICROBIALS / ANTIMIKROBIESE MIDDELS 59

CONTENTS/
INHOUDSOPGAWE

Intervet South Africa (Pty) Ltd | Reg No 1991/006580/07
20 Spartan Road, Spartan, 1619, RSA | Private Bag X2026 Isando 1600
Tel: +27 (0) 11 923 9300 | Fax: +27 (0) 11 392 3158
msd-animal-health.co.za | ZA/ORUM/0417/0006

NOTES / NOTAS

NOTES / NOTAS

01

VACCINES / ENTSTOWWE

ANTHRAVAX®

REG NO G2064 (Act 36/1947)
NAMIBIA REG NO V95/24.4/495

REGISTERED FOR USE IN PREGNANT ANIMALS

INDICATIONS
For the active immunisation of cattle, sheep and goats against anthrax.

COMPOSITION
Contains a suspension of live spores of an uncapsulated avirulent strain (Sterne 34F2) of *Bacillus anthracis*.

WARNINGS
NO WITHDRAWAL PERIOD.

DIRECTIONS FOR USE
The bottle should be shaken well before doses are withdrawn.

DOSAGE
Cattle: 1 mℓ subcutaneously.
Sheep and goats: 0,5 mℓ subcutaneously.
In goats inject the vaccine in the tail fold.

PRESENTATION
100 mℓ.

GEREGISTREER VIR GEBRUIK IN DRAGTIGE DIERE

INDIKASIES
Vir die aktiewe immunisering van beeste, skape en bokke teen miltsiekte.

SAMESTELLING
Bevat 'n suspensie lewende spore van 'n ongekapsuleerde avirulente stam (Sterne 34F2) van *Bacillus anthracis*.

WAARSKUWINGS
GEEN ONTTREKKINGSPERIODE.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Die bottel moet deeglik geskud word voor onttrekking van die dosisse.

DOSIS
Beeste: 1 mℓ onderhuids.
Skape en bokke: 0,5 mℓ onderhuids.
By bokke moet die entstof in die stertvou toegedien word.

AANBIEDING
100 mℓ.

BLANTHRAX®

REG NO G1593 (Act 36/1947)
NAMIBIA REG NO V93/24.4/520

REGISTERED FOR USE IN PREGNANT ANIMALS

INDICATIONS
Combined vaccine for the active immunisation of cattle, sheep and goats against anthrax and black quarter (Quarter Evil).

COMPOSITION
Contains a suspension of living spores of an uncapsulated avirulent strain (Sterne 34F2) of *Bacillus anthracis* in alum-precipitated *Clostridium chauvoei* vaccine.

WARNINGS
NO WITHDRAWAL PERIOD.

DIRECTIONS FOR USE
The bottle should be shaken well before doses are withdrawn.

DOSAGE
All animals: 2 mℓ subcutaneously.
In goats inject the vaccine in the tail fold.

PRESENTATION
150 mℓ.

GEREGISTREER VIR GEBRUIK IN DRAGTIGE DIERE

INDIKASIES
Gekombineerde entstof vir die aktiewe immunisering van beeste, skape en bokke teen miltsiekte en sponssiekte.

SAMESTELLING
Bevat 'n suspensie lewende spore van 'n ongekapsuleerde avirulente stam (Sterne 34F2) *Bacillus anthracis* in aluin-gepresipiteerde *Clostridium chauvoei* entstof.

WAARSKUWINGS
GEEN ONTTREKKINGSPERIODE.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Die bottel moet deeglik geskud word voor onttrekking van die dosisse.

DOSIS
Alle diere: 2 mℓ onderhuids.
By bokke moet die entstof in die stertvou toegedien word.

AANBIEDING
150 mℓ.

BOTUTHRAX

REG NO G3783 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V07/24.4/54

INDICATIONS
For the active immunisation of healthy cattle, sheep and goats against botulism and anthrax. Immunity is established within 3 – 4 weeks after inoculation, and lasts for approximately one year.

COMPOSITION
BOTUTHRAX contains inactivated alum-precipitated toxoids obtained from cultures of highly toxigenic strains of *Clostridium botulinum* types C and D and a suspension of living spores of an uncapsulated avirulent strain (Sterne 34F2) of *Bacillus anthracis*.

WARNINGS
WITHDRAWAL PERIOD: DO NOT SLAUGHTER ANIMALS FOR HUMAN CONSUMPTION WITHIN 14 DAYS OF VACCINATION. For full particulars please see product package insert.

DIRECTIONS FOR USE
Use only as directed.

Shake before use. A short needle is recommended (15 – 20 mm). Select the smallest needle through which product will flow easily (usually 16 to 18 gauge needle). Careful vaccination technique is required to ensure correct delivery. A two-handed technique with pinching of the skin and injection under the fold is recommended (tenting method).

DOSAGE
Cattle, sheep and goats: 2 mℓ subcutaneously.

PRESENTATION
100 mℓ

INDIKASIES
Vir die aktiewe immunisering van gesonde beeste, skape en bokke teen lamsiekte en miltsiekte. Immuniteit word binne 3 – 4 weke na inenting teweeggebring en is vir omtrent een jaar doeltreffend.

SAMESTELLING
BOTUTHRAX bevat geïnaktiveerde aluin-gepresipiteerde toksoïedes verkry van stamme van *Clostridium botulinum* tipes C en D en 'n suspensie lewende spore van 'n ongekapsuleerde avirulente stam (Sterne 34F2) van *Bacillus anthracis*.

WAARSKUWINGS
ONTTREKKINGSPERIODE: MOET NIE DIERE BINNE 14 DAE NA INENTING VIR MENSLIKE VERBRUIK SLAG NIE. Vir volledige besonderhede sien produk voubiljet.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Gebruik slegs soos aangedui.

Skud goed voor gebruik. 'n Kort naald word aanbeveel (15 – 20 mm). Kies die kleinste naald waardeur die produk maklik sal vloei (gewoonlik nr. 16 tot 18 naald). Versigtige inentingstegniek is 'n vereiste om korrekte aflewering te verseker. 'n Twee-handige tegniek met knyping van die vel en inenting onder die vou word aanbeveel (tentmetode).

DOSIS
Beeste, skape en bokke: 2 mℓ onderhuids.

AANBIEDING
100 mℓ

BOTUVAX®

REG NO G2193 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V98/24.4/333

INDICATIONS
For the active immunisation of cattle, horses, sheep and goats against botulism.

COMPOSITION
BOTUVAX® is a colourless liquid with off-white precipitate which resuspends on shaking. It contains formalinised, alum-precipitated *Clostridium botulinum* types C 1 + 2 and D toxoids.

WARNINGS
DO NOT SLAUGHTER ANIMALS FOR HUMAN CONSUMPTION WITHIN 7 DAYS OF VACCINATION.

DIRECTIONS FOR USE
Animals can be vaccinated from 3 months of age.

Animals that have not previously been immunised should be given 2 injections of vaccine at an interval of 4 – 6 weeks.

Administer 1 booster injection annually.

DOSAGE
Cattle and horses: 2 mℓ subcutaneously.
Sheep and goats: 1 mℓ subcutaneously.

PRESENTATION
100 mℓ

INDIKASIES
Vir die aktiewe immunisering van beeste, perde, skape en bokke teen lamsiekte.

SAMESTELLING
BOTUVAX® is 'n kleurlose vloeistof met 'n naaswit afsaksel wat met skud hersuspendeer. Dit bevat geformaliniseerde, aluin-gepresipiteerde *Clostridium botulinum* tipes C 1 + 2 en D toksoïedes.

WAARSKUWINGS
MOET NIE DIERE BINNE 7 DAE NA INENTING VIR MENSLIKE VERBRUIK SLAG NIE.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Diere kan ingeënt word vanaf 3 maande ouderdom.

Diere wat nie voorheen geïmmuniseer was nie, moet behandel word met 2 inspuitings entstof met 'n tussenpose van 4 – 6 weke.

'n Jaarlikse skraagdosis moet toegedien word.

DOSIS
Beeste en perde: 2 mℓ onderhuids.
Skape en bokke: 1 mℓ onderhuids.

AANBIEDING
100 mℓ

BOVILIS® S

REG NO G3763 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V07/24.4/375

INDICATIONS
An aid in the control of cattle salmonellosis caused by *Salmonella dublin* and *Salmonella typhimurium*. After natural challenge with *Salmonella* spp., vaccinated animals may develop mild disease but do not shed the organisms.

COMPOSITION
BOVILIS® S is a bivalent, killed, whole cell vaccine containing *Salmonella dublin* and *Salmonella typhimurium* antigens. Each 1 mℓ contains a minimum of 5 x 10^8 organisms of inactivated *Salmonella dublin* and 5 x 10^8 organisms of inactivated *Salmonella typhimurium* with thiomersal 0,1 mg as a preservative.

DIRECTIONS FOR USE
Shake before and during use.

Use needles of appropriate length and gauge i.e. 16 gauge 15 mm.

DOSAGE
2 mℓ subcutaneously. The recommended site of injection is that used for routine injection in cattle i.e. under the skin in the neck.

VACCINATION PROGRAMME
It is recommended that cows should be vaccinated twice with a 2 mℓ subcutaneous injection 3 to 4 weeks apart. Then a booster dose is given every 12 months. For colostral protection, vaccinate pregnant cows approximately 8 and 3 weeks before calving. Calves should be fed colostrum from vaccinated cows for at least 5 days after birth.

PRESENTATION
20 mℓ and 100 mℓ

INDIKASIES
'n Hulpmiddel in die beheer van beessalmonellose veroorsaak deur *Salmonella dublin* en *Salmonella typhimurium*. Na natuurlike uitdaging met *Salmonella* spp., mag geënte diere ligte siekte ontwikkel maar skei nie die organismes uit nie.

SAMESTELLING
BOVILIS® S is 'n bivalente, dooie, heelsel entstof wat *Salmonella dublin* en *Salmonella typhimurium* antigene bevat. Elke 1 mℓ bevat 'n minimum van 5 x 10^8 organismes van geïnaktiveerde *Salmonella dublin* en 5 x 10^8 organismes van geïnaktiveerde *Salmonella typhimurium* met tiomersal 0,1 mg as 'n preserveermiddel.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Skud goed voor en gedurende gebruik.

Gebruik naalde van geskikte lengte en maat d.w.s.16 maat 15 mm.

DOSIS
2 mℓ onderhuids. Die aanbevole plek van inspuiting is dié wat gebruik word vir gewone inspuiting van beeste d.w.s. onderhuids in die nek.

INENTINGSPROGRAM
Dit word aanbeveel dat beeste twee keer met 'n 2 mℓ onderhuidse inspuiting geënt moet word met 3 tot 4 weke tussenposes. Daarna moet 'n skraagdosis elke 12 maande gegee word. Vir kolostrum beskerming, ent dragtige koeie omtrent 8 en 3 weke voor kalwing. Kalwers moet kolostrum van geënte koeie vir ten minste 5 dae na geboorte gevoer word.

AANBIEDING
20 mℓ en 100 mℓ

BOVI-TECT III

REG NO G3211 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V03/24.4/684

INDICATIONS
The combination vaccine is to be used in cattle only. The combination vaccine reduces the incidence of morbidity and mortality caused by undifferentiated bovine respiratory disease (pasteurellosis) associated with *M. haemolytica*, BHV-1 (infectious bovine rhinotracheitis - IBR) and BVDV-1. This vaccine is recommended for inclusion in a vaccination programme for feedlot cattle at processing.

COMPOSITION
Cell-free supernatant of *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* biotype A serotype 1/17 leukotoxin and modified live IBR and BVD viruses.

WARNINGS
NOT FOR USE IN PREGNANT ANIMALS OR DAIRY HERDS. For use in cattle from 3 months of age.

DIRECTIONS FOR USE
USE ONLY AS DIRECTED

For the 100 mℓ pack size - draw up 2 to 3 mℓ of the *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* component from the large 100 mℓ bottle and inject into the smaller 7 mℓ glass vial containing the modified live viruses. Aspirate contents and transfer back into the large 100 mℓ bottle.

For the 10 mℓ pack size - draw up 2 to 3 mℓ of the *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* component from the 10 mℓ bottle and inject into the 7 mℓ glass vial containing the modified live viruses. Aspirate contents and transfer back into the 10 mℓ bottle.

DOSAGE
1 mℓ of the combination vaccine per animal subcutaneously.

PRESENTATION
100 mℓ polypropylene bottle with a 7 mℓ glass vial containing freeze-dried viruses.

10 mℓ polypropylene bottle with a 7 mℓ glass vial containing freeze dried viruses.

INDIKASIES
Die entstof is slegs vir gebruik in beeste. Die kombinasie entstof verminder morbiditeit en mortaliteit veroorsaak deur ongedifferensieërde bees respiratoriese siektes (pasteurellose) geassosieer met *M. haemolytica* en BHV-1 (infektiewe bees-rinotrageïtis - IBR) en BVDV-1. Die entstof word aanbeveel vir insluiting in 'n entstofprogram vir voerkraalbeeste tydens prosessering.

SAMESTELLING
Selvrye supernatant van *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* biotipe A serotipe 1/17 leukotoksien en gemodifiseerde lewende IBR en BVD virusse.

WAARSKUWINGS
NIE VIR GEBRUIK IN DRAGTIGE KOEIE OF MELKKUDDES NIE. Vir gebruik in beeste ouer as 3 maande.

GEBRUIKSAANWYSINGS
GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

Vir die 100 mℓ verpakking – trek 2 tot 3 mℓ van die *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* komponent uit die 100 mℓ houer en spuit dit in die 7 mℓ glashouer met die gemodifiseerde lewende IBR en BVD virusse. Meng goed, aspireer die inhoud en plaas terug in groot 100 mℓ houer.

Vir die 10 mℓ verpakking - trek 2 tot 3 mℓ van die *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* komponent uit die 10 mℓ houer en spuit dit in die 7 mℓ glashouer met die gemodifiseerde lewende IBR en BVD virusse. Meng goed, aspireer die inhoud en plaas terug in 10 mℓ houer.

DOSIS
1 mℓ per dier van die gekombineerde entstof wat onderhuids toegedien word.

AANBIEDING
100 mℓ polipropileenbottel met 'n 7 mℓ glashouer wat gevriesdroogde virusse bevat.

10 mℓ polipropileenbottel met 'n 7 mℓ glashouer wat gevriesdroogde virusse bevat.

BOVI-TECT P

REG NO G3002 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V02/24.4/689

INDICATIONS
Mannheimia (Pasteurella) haemolytica vaccine for cattle. For optimum usage consult your veterinarian.

COMPOSITION
Cell-free supernatant of *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* biotype A serotype 1/17 leukotoxin.

WARNINGS
For use in cattle from 3 months of age.

DIRECTIONS FOR USE
The vaccine can be used safely in dairy, extensive beef and stud animals older than 3 months of age.

DOSAGE
1 mℓ per animal subcutaneously.

PRESENTATION
100 mℓ polypropylene container with 100 mℓ fluid content.

10 mℓ polypropylene container with 10 mℓ fluid content.

INDIKASIES
Mannheimia (Pasteurella) haemolytica entstof vir beeste. Kontak u veearts vir optimale aanwending.

SAMESTELLING
Selvrye kultuur supernatant van *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* biotipe A serotipe 1/17 leukotoksien.

WAARSKUWINGS
Vir gebruik in beeste vanaf die ouderdom van 3 maande.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Die entstof kan met veiligheid aan melkbeeste, vleisbeeste en stoetdiere ouer as 3 maande toegedien word.

DOSIS
1 mℓ per dier onderhuids

AANBIEDING
100 mℓ polipropileenhouer met 100 mℓ inhoud.

10 mℓ polipropileenhouer met 10 mℓ inhoud.

BOVI-TECT PI

REG NO G3001 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V02/24.4/786

INDICATIONS
Mannheimia (Pasteurella) haemolytica vaccine for cattle, to be used in conjunction with infectious bovine rhinotracheitis (IBR) modified live virus supplied in a separate vial labelled clearly: **BOVI-TECT PI – IBR component**. For optimum usage consult your veterinarian.

COMPOSITION
Purified, cell-free supernatant of *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* biotype A serotype 1/17 leukotoxin plus modified live IBR virus.

WARNINGS
For use in cattle only.

DIRECTIONS FOR USE
For the 100 mℓ pack size – draw up 2 to 3 mℓ of the *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* component from the large 100 mℓ bottle and inject into the smaller 7 mℓ glass vial containing the modified live IBR virus. Use the 7 mℓ glass vial intended for the 100 mℓ pack size. Mix well by swirling the vial. Aspirate contents and transfer back into the large 100 mℓ bottle.

For the 10 mℓ pack size – draw up 2 to 3 mℓ of the *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* component from the 10 mℓ bottle and inject into the smaller 7 mℓ glass vial containing the modified live IBR virus. Use the 7 mℓ glass vial intended for the 10 mℓ pack size. Mix well by swirling the vial. Aspirate contents and transfer back into the 10 mℓ bottle.

DOSAGE
1 mℓ of the combined vaccine per head administered subcutaneously.

PRESENTATION
100 mℓ polypropylene bottle with a 7 mℓ glass vial containing freeze-dried viruses.

10 mℓ polypropylene bottle with a 7 mℓ glass vial containing freeze-dried viruses.

INDIKASIES
Mannheimia (Pasteurella) haemolytica entstof vir beeste, vir gebruik saam met lewende gemodifiseerde aansteeklike beesrinotrageïtis (IBR) virus wat verskaf word in 'n aparte glashouer wat duidelik gemerk is met etiket: **BOVI-TECT PI – IBR komponent**. Kontak u veearts vir optimale aanwending.

SAMESTELLING
Selvrye kultuur supernatant van *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* biotipe A serotipe 1/17 leukotoksien plus, gemodifiseerde lewende IBR virus.

WAARSKUWINGS
Slegs vir gebruik in beeste.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Vir die 100 mℓ verpakking – trek 2 tot 3 mℓ van die *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* komponent uit die 100 mℓ houer en spuit dit in die 7 mℓ glashouer met die gemodifiseerde lewende IBR virus. Gebruik die 7 mℓ glashouer wat vir die 100 mℓ verpakking bedoel is. Meng goed, aspireer die inhoud en plaas terug in die groot 100 mℓ houer.

Vir die 10 mℓ verpakking – trek 2 tot 3 mℓ van *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* komponent uit die 10 mℓ houer en spuit dit in die kleiner 7 mℓ glashouer met die gemodifiseerde lewende IBR virus. Gebruik die 7 mℓ glashouer wat vir die 10 mℓ verpakking bedoel is. Meng goed, aspireer die inhoud en plaas terug in die 10 mℓ houer.

DOSIS
1 mℓ per dier van die gekombineerde entstof wat onderhuids toegedien word.

AANBIEDING
100 mℓ polipropileenbottel met 'n 7 mℓ glashouer wat gevriesdroogde virusse bevat.

10 mℓ polipropileenbottel met 'n 7 mℓ glashouer wat gevriesdroogde virusse bevat.

COVEXIN®10

REG NO G3354 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V05/24.4/413

INDICATIONS
Clostridial vaccine for sheep and cattle.

COMPOSITION
For the active immunisation of sheep and cattle against *Clostridium perfringens* types A, B, C and D, *C. chauvoei, C. novyi, C. septicum, C. tetani, C. sordellii* and *C. haemolyticum.*

WARNINGS
Only vaccinate healthy animals.

It is not recommended that other vaccines be administered within 14 days before or after vaccination with **COVEXIN®10**.

DIRECTIONS FOR USE
Shake well before and during use.

Administration:
Subcutaneous injection, preferably in the loose skin on the side of the neck.

DOSAGE
Subcutaneous injection.
Sheep and lambs over 2 weeks of age:
Two injections of 1 mℓ each at an interval of 6 weeks, and a booster annually thereafter.

Cows and calves over 2 weeks of age:
Two injections of 2 mℓ each at an interval of 6 weeks, and a booster annually thereafter.

PRESENTATION
100 mℓ

INDIKASIES
Klostridiale entstof vir skape en beeste.

SAMESTELLING
Vir die aktiewe immunisering van skape en beeste teen *Clostridium perfringens* tipes A, B, C en D, *C. chauvoei, C. novyi, C. septicum, C. tetani, C. sordellii* en *C. haemolyticum.*

WAARSKUWINGS
Ent slegs gesonde diere.

Dit word nie aanbeveel dat ander entstowwe binne 14 dae voor of na enting met **COVEXIN®10** toegedien word nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Skud goed voor en gedurende gebruik.

Toediening:
Onderhuidse inspuiting, verkieslik in die los vel op die kant van die nek.

DOSIS
Onderhuidse inspuiting.
Skape en lammers ouer as 2 weke:
Twee inspuitings van 1 mℓ elk, met 'n tussenpose van 6 weke en 'n jaarlikste skraagdosis.

Koeie en kalwers ouer as 2 weke:
Twee inspuitings van 2 mℓ elk, met 'n tussenpose van 6 weke en 'n jaarlikse skraagdosis.

AANBIEDING
100 mℓ

DUOVAX

REG NO G2328 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V96/24.4/506

INDICATIONS
For the active immunisation of cattle, sheep and goats against botulism and black quarter (Quarter Evil).

COMPOSITION
DUOVAX is a colourless liquid with an off-white precipitate which resuspends on shaking. It contains formalinised, inactivated alum-precipitated toxoids of *Clostridium chauvoei* and *Clostridium botulinum* types C1 + 2 and D.

WARNINGS
DO NOT SLAUGHTER ANIMALS FOR HUMAN CONSUMPTION WITHIN 21 DAYS OF VACCINATION.

DIRECTIONS FOR USE
The bottle should be shaken well before doses are withdrawn.

DOSAGE
Cattle: 2 mℓ subcutaneously

Sheep and Goats: 2 mℓ subcutaneously

Calves should be immunised before they are weaned i.e. at 4 – 5 months and a second injection must be administered 4 – 6 weeks later.

Lambs and kids can be immunised from 3 months of age and a second injection must be administered 4 – 6 weeks later.

Goats should be immunised in the loose skin under the tail.

PRESENTATION
100 mℓ

INDIKASIES
Vir die aktiewe immunisering van beeste, skape en bokke teen lamsiekte en sponssiekte.

SAMESTELLING
DUOVAX is 'n kleurlose vloeistof met 'n naaswit afsaksel wat hersuspendeer wanneer dit geskud word. Dit bevat geformaliniseerde, geïnaktiveerde aluin-gepresipiteerde toksoïedes van *Clostridium chauvoei* en *Clostridium botulinum tipes* C1 + 2 en D.

WAARSKUWINGS
MOET NIE DIERE BINNE 21 DAE NA INENTING VIR MENSLIKE GEBRUIK SLAG NIE.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Die bottel moet deeglik geskud word voor onttrekking van die dosisse.

DOSIS
Beeste: 2 mℓ onderhuids

Skape en Bokke: 2 mℓ onderhuids

Kalwers behoort geënt te word voor hulle gespeen word d.w.s. op 4 – 5 maande en 'n tweede enting moet 4 – 6 weke later toegedien word.

Lammers en boklammers kan van 3 maande ouderdom geënt word en 'n tweede enting moet 4 – 6 weke later toegedien word.

Bokke moet ingeënt word in die los vel onder die stert.

AANBIEDING
100 mℓ

LUMPYVAX®

REG NO G3673 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V06/24.4/184

INDICATIONS
For the prophylactic immunisation of cattle against lumpy skin disease.

COMPOSITION
Each 1 mℓ (1 dose) of vaccine contains 10^4 $TCID_{50}$ of freeze-dried, live, attenuated virus (SIS Neethling-type).

WARNINGS
DO NOT SLAUGHTER ANIMALS FOR HUMAN CONSUMPTION WITHIN 21 DAYS OF VACCINATION.

DIRECTIONS FOR USE
Use a sterile syringe to transfer approximately 5 mℓ of sterile diluent to the bottle containing the freeze-dried vaccine.

Mix until all the powder is dissolved and then transfer this suspension back to the remaining sterile diluent and again mix well using the sterile syringe.

Shake the bottle before filling the syringe.

DOSAGE
Inject 1 mℓ per animal subcutaneously

PRESENTATION
20 mℓ and 100 mℓ.

INDIKASIES
Vir die voorbehoedende inenting van beeste teen knopvelsiekte.

SAMESTELLING
Elke 1 mℓ (1 dosis) van entstof bevat 10^4 $TCID_{50}$ gevriesdroogde, lewende, verswakte virus (SIS Neethling-tipe).

WAARSKUWINGS
MOET NIE DIERE BINNE 21 DAE NA INENTING VIR MENSLIKE GEBRUIK SLAG NIE.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Gebruik 'n steriele spuit om ongeveer 5 mℓ steriele verdunningsvloeistof na die bottel wat die gevriesdroogde entstof bevat, oor te dra.

Meng deeglik totdat die poeier opgelos is, spuit hierdie suspensie terug in die oorblywende steriele verdunningsvloeistof en meng weer deeglik met behulp van die steriele spuit.

Skud die bottel goed voor gebruik.

DOSIS
Ent 1 mℓ per dier onderhuids

AANBIEDING
20 mℓ en 100 mℓ.

MULTICLOS

REG NO G3392 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V04/24.4/723

INDICATIONS
MULTICLOS is a vaccine for the active immunisation of healthy cattle and sheep against blackleg, malignant oedema (gas gangrene), bacillary haemoglobinuria, black disease (infectious necrotic hepatitis), diarrhoea, haemorrhagic enterotoxaemia and pulpy kidney disease.

COMPOSITION
MULTICLOS is a water based injectable, including an alum precipitate, containing toxoids obtained from cultures in liquid media of suitable strains of *Clostridium septicum*, *Clostridium novyi* type B (also known as *Clostridium oedematiens* type B), *Clostridium sordellii* and *Clostridium perfringens* type C and D (also known as *Clostridium welchii* type C and D), as well as anacultures of *Clostridium chauvoei* and *Clostridium haemolyticum* (also known as *Clostridium novyi* type D), inactivated and concentrated in such manner that immunogenic activity is retained.

WARNINGS
ANIMALS SHOULD NOT BE SLAUGHTERED FOR HUMAN CONSUMPTION WITHIN 3 WEEKS OF VACCINATION.

DIRECTIONS FOR USE
Shake well before use.
Inoculate by subcutaneous injection.

For animals that have never been immunised before, two doses should be given separated by an interval of 3 to 4 weeks.

DOSAGE
Cattle: 5 mℓ subcutaneously.

Sheep: 3 mℓ subcutaneously.

PRESENTATION
100 mℓ and 250 mℓ.

INDIKASIES
MULTICLOS is 'n entstof vir die aktiewe immunisering van gesonde beeste en skape teen sponssiekte, kwaadaardige edeem (gasgangreen), basillêre hemoglobinurie, aansteeklike nekrotiese hepatitis, diarree, hemorrhagiese enterotoksemie en bloednier.

SAMESTELLING
MULTICLOS is 'n water-basis inspuiting, met gepresipiteerde aluin, wat geïnaktiveerde stamme van *Clostridium septicum*, *Clostridium novyi* tipe B (ook bekend as *Clostridium oedematiens* tipe B), *Clostridium sordellii* en *Clostridium perfringens* tipes C en D (ook bekend as *Clostridium welchii* tipe C en D), asook anakulture van *Clostridium chauvoei* en *Clostridium haemolyticum* (ook bekend as *Clostridium novyi* tipe D) bevat, geïnaktiveer en gekonsentreer op so 'n manier om immuunstimulerende aktiwiteit te behou.

WAARSKUWINGS
DIERE MOET NIE VIR MENSLIKE GEBRUIK GESLAG WORD BINNE 3 WEKE NA TOEDIENING VAN ENTSTOF NIE.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Skud deeglik voor gebruik.
Toediening deur onderhuidse inspuiting.

By diere wat nog nie voorheen ingeënt is nie, moet twee dosisse, met 'n tussenpose van 3 tot 4 weke toegedien word.

DOSIS
Beeste: 5 mℓ onderhuids.

Skape: 3 mℓ onderhuids.

AANBIEDING
100 mℓ en 250 mℓ.

MULTIVAX-P

REG NO G1517 (Act 36/1947)
NAMIBIA REG NO V92/24.4/521

INDICATIONS
For the active immunisation of sheep against pulpy kidney, malignant oedema, black quarter, tetanus and pasteurellosis caused by organisms listed below. In particular the vaccine is recommended as an aid in the prevention of pneumonic and septicaemic pasteurellosis in lambs.

COMPOSITION
An opaque fluid vaccine prepared from the purified formol toxoids of *Clostridium perfringens (C. welchii)* type D, *Clostridium septicum*, *Clostridium tetani*, purified formalin killed cultures of *Clostridium chauvoei* and iron-regulated antigens from the epidemiologically most important serotypes of *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* in buffered physiological saline and adsorbed onto aluminium hydroxide. The product is preserved with 0,013 % thiomersal.

WARNINGS
NO WITHDRAWAL PERIOD

The vaccine contains an adjuvant which may cause a temporary nodule at the site of injection.

DIRECTIONS FOR USE
The bottle should be shaken well before doses are withdrawn.

DOSAGE
Sheep of all ages, 2 mℓ subcutaneously. For a booster dose repeat the dosage after an interval of 4 to 6 weeks.

PRESENTATION
100 mℓ, 250 mℓ and 500 mℓ.

INDIKASIES
Vir die aktiewe immunisering van skape teen bloednier, kwaadaardige edeem, sponssiekte, klem-in-die-kaak en pasteurellose veroorsaak deur die ondergenoemde organismes. Die entstof word veral aanbeveel as 'n hulpmiddel in die voorkoming van long- en septisemiese pasteurellose in lammers.

SAMESTELLING
'n Ondeursigtige vloeibare entstof voorberei uit suiwer formol toksoïedes van *Clostridium perfringens (C. welchii)* tipe D, *Clostridium septicum*, *Clostridium tetani*, gesuiwerde formalien geïnaktiveerde kulture van *Clostridium chauvoei* en ysterregulerende proteïene van die epidemiologies belangrikste serotipes van *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* in gebufferde fisiologiese sout en in aluminiumhidroksied geadsorbeer. Die produk is gepreserveer met 0,013 % tiomersal.

WAARSKUWINGS
GEEN ONTTREKKINGSPERIODE

Die entstof bevat 'n adjuvant wat 'n tydelike knop by die plek van inspuiting mag veroorsaak.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Die bottel moet deeglik geskud word voor onttrekking van die dosisse.

DOSIS
Skape van alle ouderdomme, 2 mℓ onderhuids. Vir 'n skraagdosis herhaal die dosis na 'n tussenperiode van 4 tot 6 weke.

AANBIEDING
100 mℓ, 250 mℓ en 500 mℓ.

MULTIVAX-P PLUS

REG NO G3694 (Act 36/1947)
NAMIBIA REG NO V06/24.4/183

INDICATIONS
For the active immunisation of sheep as an aid in the control of lamb dysentery, pulpy kidney, tetanus, blackleg, clostridial metritis (malignant oedema of the uterus), bloodgut and infections caused by *Clostridium novyi* type B. The vaccine may be used as an aid in the control of pneumonic pasteurellosis in sheep of all ages, minimum age of 3 weeks and in the control of systemic pasteurellosis in weaned fattening and breeding sheep. The vaccine may be used in pregnant ewes as an aid in the control of lamb dysentery, pulpy kidney, bloodgut, tetanus and pasteurellosis in their lambs provided that the lambs receive sufficient immune colostrum during the first 1 – 2 days of life.

COMPOSITION
Combined 7 in 1 Clostridial plus *Pasteurella* vaccine. An opaque fluid vaccine containing toxoids of *Clostridium perfringens* types B, C and D, *Clostridium septicum*, *Clostridium tetani*, *Clostridium novyi* type B, formalin killed cells and toxoids of *Clostridium chauvoei* and iron-regulated antigens from the epidemiologically most important serotypes of *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* and *Pasteurella trehalosi* in buffered physiological saline adsorbed onto aluminium hydroxide. The product is preserved with thiomersal.

WARNINGS
NO WITHDRAWAL PERIOD.
The vaccine contains an adjuvant which may cause a small transient injection site reaction possibly lasting for up to 3-4 months after vaccination.

DIRECTIONS FOR USE
Use only as directed – shake well before use.

DOSAGE
Sheep of all ages, 2 mℓ per injection subcutaneous.

PRESENTATION
100 mℓ, 250 mℓ and 500 mℓ.

INDIKASIES
Vir die aktiewe immunisering van skape as hulpmiddel in die beheer teen bloedpens, bloednier, klem-in-die-kaak, sponssiekte, klostridiale baarmoederontsteking (kwaadaardige edeem van die baarmoeder), bloedderm en infeksies veroorsaak deur *Clostridium novyi* tipe B. Die entstof kan ook as hulpmiddel in die beheer van pneumoniese pasteurellose in gespeende vetmaak- en teelskape gebruik word. Die entstof kan gebruik word in dragtige ooie as 'n hulpmiddel in die beheer van bloedpens, bloednier, bloedderm, klem-in-die-kaak en pasteurellose in lammers, mits die lam voldoende kolostrum (biesmelk) die eerste twee dae van lewe ontvang.

SAMESTELLING
'n Gekombineerde 7 in 1 klostridiale en *Pasteurella* entstof.
'n Ondeursigtige vloeibare entstof bestaande uit toksoïedes van *Clostridium perfringens* tipes B, C en D, *Clostridium septicum, Clostridium tetani, Clostridium novyi* tipe B, formalien geïnaktiveerde selle en toksoïede van *Clostridium chauvoei* en ysterregulerende proteïene van die epidemiologies mees belangrike serotipes van *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* en *Pasteurella trehalosi* in gebufferde fisiologiese sout en op aluminiumhidroksied geadsorbeer. Die produk is gepreserveer met tiomersal.

WAARSKUWINGS
GEEN ONTTREKKINGSPERIODE NIE.
Die entstof bevat 'n adjuvant wat moontlik 'n verbygaande reaksie by die plek van inspuiting kan veroorsaak, wat 3-4 maande na inenting mag voortduur.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Gebruik slegs soos aangedui – skud goed voor gebruik.

DOSIS
Skape van alle ouderdomme, 2 mℓ onderhuidse inspuiting.

AANBIEDING
100 mℓ, 250 mℓ en 500 mℓ.

OVILIS® ENZOVAX

REG NO G2758 (Act 36/1947)
NAMIBIA REG NO V03/24.4/249

INDICATIONS
OVILIS® ENZOVAX is indicated for the active immunisation of susceptible breeding female sheep as an aid in the prevention of abortion and stillbirth caused by *Chlamydia abortus* infection.

COMPOSITION
OVILIS® ENZOVAX is a live, attenuated vaccine, containing ≥ $10^{5.0}$ IFU of *Chlamydia abortus*, strain ts 1B, per dose.

WARNINGS
DO NOT SLAUGHTER ANIMALS FOR HUMAN CONSUMPTION WITHIN 7 DAYS OF VACCINATION.

DIRECTIONS FOR USE
The vaccine should be reconstituted with Unisolve.

Remove approximately 5 mℓ of Unisolve from the vial with a syringe and needle. Inject into the vaccine vial and shake well until the powder plug is fully dissolved. Remove the vaccine solution from the vial, re-inject into the diluent vial and shake well. Take care not to generate an aerosol by ensuring that there are no air bubbles in the syringe before re-injecting into the vial.

DOSAGE
2 mℓ reconstituted vaccine subcutaneously or intramuscular. Pregnant animals should not be vaccinated. Ewe lambs, intended for breeding, may be vaccinated from 5 months of age. Sherlings and older ewes should be vaccinated during the 4 month period prior to mating.

PRESENTATION
40 mℓ and 100 mℓ.

INDIKASIES
OVILIS® ENZOVAX is aangedui vir die aktiewe immunisering van vatbare teelooie as 'n hulpmiddel in die voorkoming van aborsie en doodgebore lammers veroorsaak deur *Chlamydia abortus* infeksie.

SAMESTELLING
OVILIS® ENZOVAX is 'n lewende, verswakte entstof, wat ≥ $10^{5.0}$ IVE van *Chlamydia abortus*, stam ts 1B, per dosis bevat.

WAARSKUWINGS
MOET NIE DIERE BINNE 7 DAE NA INENTING VIR MENSLIKE GEBRUIK SLAG NIE.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Die entstof moet met Unisolve hersaamgestel word.

Gebruik 'n spuit en naald om ongeveer 5 mℓ Unisolve van die glashouer te onttrek. Spuit die Unisolve in die entstofhouer en skud goed totdat die poeierproppie heeltemal opgelos is. Al die inhoud van die entstofhouer is dan in die verdunningsmiddelhouer gespuit. Skud goed. Wees versigtig om nie 'n aerosol te laat ontstaan nie, deur seker te maak dat daar geen lugborrels in die spuit is nie voor inspuiting.

DOSIS
2 mℓ hersaamgestelde entstof onderhuids of binnespiers. Dragtige diere moet nie ingeënt word nie. Ooilammers wat vir teeldoeleindes gebruik gaan word mag vanaf 'n ouderdom van 5 maande ingeënt word. Skeerskape en ouer ooie moet gedurende die 4 maande periode voor dekking ingeënt word.

AANBIEDING
40 mℓ en 100 mℓ.

PILIGUARD® PINKEYE-1 TRIVALENT

REG NO G2803 (Act 36/1947)
NAMIBIA REG NO V03/24.4/755

INDICATIONS
For use in healthy cattle to aid in the prevention of pinkeye associated with infection by *Moraxella bovis* strains expressing pili similar to those expressed by isolates referred to by MSD Animal Health as Strains EPP 63, FLA 64 and SAH 38.

COMPOSITION
Contains chemically inactivated cultures of *Moraxella bovis* isolates referred to by MSD Animal Health as Strains EPP 63, FLA 64 and SAH 38 in an oil emulsion adjuvant.

WARNINGS
DO NOT VACCINATE WITHIN 60 DAYS PRIOR TO SLAUGHTER.

DIRECTIONS FOR USE
Shake well before use. The vaccine may be warmed to room temperature prior to injection. Use only as directed.

DOSAGE
Inject 2 mℓ subcutaneously or intramuscularly INTO THE NECK, 3 to 6 weeks prior to onset of pinkeye season. Annual revaccination is recommended.

PRESENTATION
20 mℓ and 100 mℓ.

INDIKASIES
Vir gebruik in gesonde beeste om "pinkeye" te voorkom, geassosieer met infeksie veroorsaak deur *Moraxella bovis* spesies wat pili vorm soortgelyk aan dié gevorm deur isolate waarna deur MSD Animal Health verwys word as Spesies EPP 63, FLA 64 en SAH 38.

SAMESTELLING
Bevat chemies geïnaktiveerde kulture van *Moraxella bovis* isolate wat deur MSD Animal Health na verwys word as Spesies EPP 63, FLA 64 en SAH 38 in 'n olie-emulsie sisteem.

WAARSKUWINGS
MOENIE ENT BINNE 60 DAE VOOR SLAGTING NIE.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Skud goed voor gebruik. Die entstof kan verhit word tot kamertemperatuur voor inspuiting. Gebruik slegs soos aangedui.

DOSIS
Spuit 2 mℓ onderhuids of intramuskulêr IN DIE NEK, 3 tot 6 weke voor die aanvang van die seisoen waarin "pinkeye" voorkom. Jaarlikse herenting word aanbeveel.

AANBIEDING
20 mℓ en 100 mℓ.

PULPYVAX®

REG NO G2192 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V96/24.4/502

INDICATIONS
For the active immunisation of sheep and goats against pulpy kidney disease (enterotoxaemia).

COMPOSITION
Contains alum-precipitated *Clostridium perfringens* type D toxoids.

WARNINGS
DO NOT SLAUGHTER ANIMALS FOR HUMAN CONSUMPTION WITHIN 7 DAYS OF VACCINATION.

DIRECTIONS FOR USE
Shake bottle well before use and repeat from time to time during the vaccination process.

DOSAGE
Sheep and goats of all ages: 1 mℓ subcutaneously.
Lambs: can be immunised from 3 months of age. Administer a second dose 4 – 6 weeks later.

PRESENTATION
100 mℓ and 250 mℓ.

INDIKASIES
Vir die aktiewe immunisering van skape en bokke teen bloednier (enterotoksemie).

SAMESTELLING
Bevat aluin-gepresipiteerde *Clostridium perfringens* tipe D toksoïedes.

WAARSKUWINGS
MOET NIE DIERE BINNE 7 DAE NA INENTING VIR MENSLIKE GEBRUIK SLAG NIE.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Skud die houer goed voor gebruik en herhaal van tyd tot tyd gedurende die inentingsproses.

DOSIS
Skape en bokke van alle ouderdomme: 1 mℓ onderhuids.
Lammers: kan van 3 maande ouderdom geïmmuniseer word. 'n Tweede inenting moet 4 – 6 weke later gegee word.

AANBIEDING
100 mℓ en 250 mℓ.

PULPYVAX® 1-SHOT

REG NO G2642 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V99/24.4/500

INDICATIONS
For the active immunisation of sheep against pulpy kidney disease (enterotoxaemia). The active component, when injected into a healthy, susceptible animal stimulates the immune response and provokes the formation of epsilon antitoxin.

COMPOSITION
Toxoid obtained from a culture in a liquid medium of a suitable strain of *Clostridium perfringens* type D inactivated in such a manner that immunogenic activity is retained.

WARNINGS
DO NOT SLAUGHTER ANIMALS FOR HUMAN CONSUMPTION WITHIN 20 DAYS OF VACCINATION.

DIRECTIONS FOR USE
Shake bottle well before use and repeat from time to time during the vaccination process.

THE VACCINE SHOULD BE ADMINISTERED BY DEEP INTRAMUSCULAR INJECTION.

DOSAGE
Sheep and lambs: 1 mℓ – deep intramuscular. Sheep should first be vaccinated at 4 months of age and annually thereafter.

Note: In order to ensure a proper innoculation, it is preferable to inject the vaccine while fleece is short.

PRESENTATION
100 mℓ.

INDIKASIES
Vir die aktiewe immunisering van skape teen bloednier (enterotoksemie). Wanneer die aktiewe komponent toegedien word aan gesonde, vatbare diere word die immunostimulerende funksies geaktiveer en so ook die vorming van epsilon-antitoksien.

SAMESTELLING
Toksoïede verkry van 'n kultuur in 'n vloeistofvorm van 'n geskikte stam *Clostridium perfringens* tipe D, geïnaktiveer op so 'n manier om immunostimulerende aktiwiteit te behou.

WAARSKUWINGS
MOET NIE DIERE BINNE 20 DAE NA INENTING VIR MENSLIKE GEBRUIK SLAG NIE.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Skud die bottel goed voor gebruik en herhaal van tyd tot tyd gedurende die inentingsproses.

DIE ENTSTOF MOET DEUR DIEP BINNESPIERSE INSPUITING TOEGEDIEN WORD.

DOSIS
Skape en lammers: 1 mℓ – diep binnespiers. Skape moet op 'n ouderdom van 4 maande vir die eerste keer geënt word en jaarliks daarna.

Nota: Om behoorlike inenting te verseker is dit raadsaam om skape te ent terwyl die wol kort is.

AANBIEDING
100 mℓ.

RB-51

REG NO G3056 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V03/24.4/756

INDICATIONS
For use in healthy female cattle as an aid in the prevention of abortion caused by *Brucella abortus* and thus spreading of the organism.

COMPOSITION
This lyophilised vaccine contains the RB-51 strain of *Brucella abortus*.

WARNINGS
WITHDRAWAL PERIOD: DO NOT SLAUGHTER WITHIN 3 WEEKS OF ADMINISTRATION.

Vaccination of pregnant animals may cause abortion.

DIRECTIONS FOR USE
For vaccination of female cattle only.

***Brucella abortus* negative herds:**
Herds which have not been vaccinated against *Brucella abortus*: Vaccinate heifers 4 – 10 months of age with 2 mℓ administered subcutaneously. Revaccinate with a full dose between 12 – 16 months of age. Adult cows, non-pregnant – administer 2 mℓ subcutaneously.

Herds with established immunity by previous vaccination against *Brucella abortus*: Vaccinate heifers 4 – 10 months of age with 2 mℓ administered subcutaneously. Revaccinate with a full dose between 12 – 16 months of age.

***Brucella abortus* positive herds:**
Herds which have not been vaccinated against *Brucella abortus*: Vaccinate heifers 4 – 10 months of age with 2 mℓ administered subcutaneously. Revaccinate with a full dose between 12 – 16 months of age. Adult cows, non-pregnant – administer 2 mℓ subcutaneously.Yearly boosters can be administered if desired but it is not a prerequisite.

DOSAGE
Cattle: 2 mℓ subcutaneously

PRESENTATION
5 dose (rehydate to 10 mℓ) and 25 dose (rehydrate to 50 mℓ)

INDIKASIES
Vir gebruik in gesonde vroulike beeste as 'n hulpmiddel in die voorkoming van aborsies veroorsaak deur *Brucella abortus* en sodoende verspreiding van die organisme.

SAMESTELLING
Hierdie gevriesdroogde entstof bevat die RB-51 stam van *Brucella abortus*.

WAARSKUWINGS
ONTTREKKINGSPERIODE: MOENIE SLAG BINNE 3 WEKE NA TOEDIENING NIE.

Enting van dragtige diere mag lei tot misgeboorte.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Slegs vir die enting van vroulike diere.

***Brucella abortus* negatiewe kuddes (onbesmet):**

Kuddes wat nie voorheen teen *Brucella abortus* geënt is nie: Ent verse 4 – 10 maande oud met 2 mℓ onderhuids. Dien 'n skraagdosis toe tussen 12 – 16 maande ouderdom. Volwasse nie-dragtige koeie – dien 2 mℓ onderhuids toe.

Kuddes wat gevestigde immuniteit het deurdat hulle voorheen teen *Brucella abortus* geënt is: Ent verse 4 – 10 maande oud met 2 mℓ onderhuids. Dien 'n skraagdosis toe tussen 12 – 16 maande ouderdom.

***Brucella abortus* positiewe kuddes (besmet):** Kuddes wat nie voorheen teen *Brucella abortus* geënt is nie: Ent verse 4 – 10 maande oud met 2 mℓ onderhuids. Dien 'n skraagdosis toe tussen 12 – 16 maande ouderdom. Volwasse nie-dragtige koeie – dien 2 mℓ onderhuids toe. Jaarlikse skraagdosisse kan toegedien word, maar dit is nie 'n voorvereiste nie.

DOSIS
Beeste: 2 mℓ onderhuids

AANBIEDING
5 dosisse (rehidreer tot 10 mℓ) en 25 dosisse (rehidreer tot 50 mℓ)

RESPIRAVAX

REG NO G3867 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V10/24.4/719

INDICATIONS
RESPIRAVAX is an inactivated vaccine for the prophylactic immunisation of calves and pregnant cattle as an aid to reduce or prevent bovine respiratory disease caused by bovine herpes virus 1 (IBR), bovine viral diarrhoea virus type 1 (BVDV), parainfluenza virus type 3 (PI_3V) and *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica*.

COMPOSITION
RESPIRAVAX is a ready-to-use aqueous vaccine containing inactivated BHV1 (IBR), PI3 and BVD type 1 viruses, as well as a leukotoxin-containing cell-free supernatant of *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica*, adsorbed on to alhydrogel. Viruses are propagated in tissue culture, inactivated with formaldehyde and diluted to 10^6 $TCID_{50}$ for IBR and PI3 and 10^5 $TCID_{50}$ for BVDV per 1 mℓ dose. The leukotoxin component is a dilution of the cell-free supernatant of a three-hour fermentation culture. The vaccine contains no preservative, other than formaldehyde.

WARNINGS
WITHDRAWAL PERIOD: MEAT – 21 DAYS.

DIRECTIONS FOR USE
Use only as directed. May be used during pregnancy and lactation. Vaccinate only healthy cattle. Suspend the contents of the vial by gentle end-over-end mixing the vial at least six times.

DOSAGE
Inject 1 mℓ per animal subcutaneously.

PRESENTATION
20 mℓ and 100 mℓ.

INDIKASIES
RESPIRAVAX is 'n geïnaktiveerde entstof vir die inenting van kalwers en dragtige koeie om bees respiratoriese siekte veroorsaak deur bees herpes virus 1 (IBR), bees virale diarree virus tipe 1 (BVDV), parainfluensavirus 3 (PI_3V) en *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica*, te verminder of te voorkom.

SAMESTELLING
RESPIRAVAX word gereed-vir-gebruik voorsien. Dit bevat chemies geïnaktiveerde BHV1 (IBR), BVD tipe 1 en PI3 virusse, sowel as 'n leukotoksien-bevattende selvrye supernatant van *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica*, geadsorbeer op alhidrojel. Virusse word in weefselkultuur vermeerder, geïnaktiveer met formaldehied en verdun na 10^6 $TCID_{50}$ per 1 mℓ dosis vir BHV1, PI3V en 10^5 $TCID_{50}$ per 1 mℓ dosis vir BVDV. Die leukotoksien komponent is 'n verdunning van die selvrye supernatant van 'n drie-uur fermentasiekultuur. Die entstof bevat geen preserveermiddels, behalwe formaldehied.

WAARSKUWINGS
ONTTREKKINGSPERIODE: VLEIS – 21 DAE.

Gebruiksaanwysings
Gebruik slegs soos aangedui. Die entstof is veilig vir gebruik in dragtige of lakterende beeste. Ent slegs gesonde diere. Meng die inhoud deur die houer ten minste ses keer om en terug te dop.

DOSIS
Ent 1 mℓ per dier onderhuids.

AANBIEDING
20 mℓ en 100 mℓ.

ROTAVEC® CORONA

REG NO G2955 (Act 36/1947)

NAMIBIA REG NO V07/24.4/747

INDICATIONS
